

18 Januarie

Skrifgedeelte: Levitikus 4:1-3 en 27-35

Fokusgedeelte: Levitikus 4:1

Berouvolle gebed is jou offer voor God

Die *sondeoffer* word in hierdie hoofstuk behandel, soos dit vir priesters, die volk, of vir landsburgers hanteer moet word. Ook by hierdie offer gaan dit oor die verhouding tussen God en mens. Die rede vir hierdie offer word duidelik aangewys: om vergifnis te kry vir sondes wat nie doelbewus gedoen is nie – soos iets wat jy onbewus nagelaat het om te doen, of per ongeluk verkeerd gedoen het. Sulke sondes vertroebel ook jou verhouding met God, en dit moes herstel word deur die sondeoffer, sodat die mens weer aanneembaar vir God kon wees.

'n Volmaakte dier sonder gebrek moes as offer aan die Here afgestaan word om versoening te doen. So was Christus se offer ten opsigte van hierdie saak die volmaakte offer, en het Hy vir al hierdie sondes ook gesterf en volmaak in ons plek betaal. Daarom het ons vandag nie meer nodig om sondeoffers soos destyds te bring nie.

Tog moet dit wat hierdie offers ten doel gehad het, vandag steeds toegepas word in die lig van die Nuwe Testament. Ons doen steeds baie sondes wat ons nie doelbewus begaan het nie – en ons vertroebel ons verhouding met God hierdeur. En dit moet reggestel word – want ons bedroef die Here.

Ons stel ons verhouding met die Here reg met die offer van berouvolle gebed. Ja, ons gebede is ook 'n offer – Openbaring 8:3 – “Daar is baie wierook aan hom gegee om dit saam met die gebede van al die gelowiges op die goue altaar voor die troon te offer”. Berouvol stort ons ons harte voor God uit. En die gebed van die opregtes is vir die Here welgevallig, Spreuke 15:8. Soos daar met die offer 'n dier sonder gebrek gegee moes word, moet ons ook gee wanneer ons so bid. Dit is nie net die Here wat vergifnis moet gee nie, maar ook ons wat weer ons hele lewe vlekkeloos in gehoorsaamheid aan God wil gee. Gehoorsaamheid is ook 'n offer wat ons aan God wil bring uit dankbaarheid vir wat Christus vir ons gedoen het.

Kom ons leer van die sondeoffer dat ons erns wil maak met elke vorm van sonde, ook die dinge wat ons onwetend of uit nalatigheid begaan het.

Sing: Psalm 119:40

Ds HJ Briel (Petrusburg/Boshof)